NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 26 SEPTEMBER 2021

AGTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Dankbaarheid

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Jakobus 5:13-20; Ester 7:1-6; 9-10; 9:20-22
Psalm 124; Markus 9:38-50

SONDAG, 26 SEPTEMBER	
	DANKBAARHEIDSONDAG
09:30	Oggenddiens in die Kerk – Ds Johan Morkel
Geen	Kinderkerk Deuroffer ten bate van RCA (Indiërsending) Erediensspan 2 – Lorraine Louw
Geen	Aanddiens
Geen	Senior Kategese
MAANDAG, 27 SEPTEMBER	
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 28 SEPTEMBER	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 29 SEPTEMBER	
09:30	Vroue Bybelstudie
DONDERDAG, 30 SEPTEMBER	
09:30	Dienssentrum vir Seniors: Mnr Apie Marais insekte in Moedergemeente Kerksaal
15:00	Openbaring Bybelstudie Sopbeurte: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Miemmie Myburgh Ina van Niekerk, Ronel Williams

VRYDAG, 1 OKTOBER
SKOLE SLUIT
SATERDAG, 2 OKTOBER
SONDAG, 3 OKTOBER
NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD BIDDAG VIR BEJAARDES 09:30 Oggenddiens in Kerk **Geen** Kinderkerk Erediensspan 3 – Johan Norman **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Huis te huur in Andanté Aftree-oord – sien kennisgewing in voorportaal vir meer inligting.
3. Ds. Chris is die naweek af.
4. Finalejaarkatkisante wat nog nie aansoek gedoen het nie en graag belydenis wil aflê op 17 Oktober moet so gou mootlik hul aansoeke indien voor 1 Oktober.
5. Ds Hannes Burger woon Dinsdag en Woensdag ‘n moderamenvergadering op Wellington by.
6. Mariana van Schalkwyk is volgende week met verlof, skakel die kerkkantoor vir enige navrae.

GEMEENTENUUS

1. Pierre en Martie Swart (Othello) se drie jarige kleinseun ondergaan in die komende week ‘n opehartoperasie.
2. Willem Oosthuizen (Jan Kriel Gronde) se pa is oorlede.
3. Nicolas Roos, die jongste seun van Tielman en Janine Roos (Mooiplaas), tree die naweek in die huwelik op Swellendam.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

26/09 André Smuts, Dori-ann Schäfer, Gerhard Swart, Jannie Carstens, Amia Bartin
27/09 Wynand Deysel, Danie Bruwer, Nora van der Merwe, Jorina Botha
28/09 Tielman Roos, Estelle Hugo, Ettienne Vosloo, Caylem du Plessis, Daniël Gresse, Gerda Nel
29/09 Marja van Dalen, Estelle le Roux, Johan Carstens
30/09 Riaan van Zyl, Petra Wickens, Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer
01/10 Susan Enslin, Dihan Vorster, Johan Weber, Manie Engelbrecht
02/10 Lizaan Maré, Johanné Orffner

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is vermeerder na 250 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM WYSINGINGS

Vanweë verskeie faktore, soos die veranderde skoolkwartale, die uitreik na Nuwerus gemeente en ds Hannes se Sabbatsverlof, is daar ‘n paar skuiwe en reëlings rondom eredienste waarop lidmate moet let.

Vanaf Sondag 10 Oktober sal die erediens om 09:00 begin.

Die Nagmaal van 17 Oktober skuif na 24 Oktober.

By die diens van 17 Oktober sal die geskenkies aan die skoolverlaters oorhandig word, terwyl vanjaar se finalejaarkatkisante belydenis van geloof sal aflê. Familie en vriende van die betrokke kinders wat graag dié diens wil bywoon, moet onthou om in die week vóór die Sondag hulle plekke in die erediens te bespreek. Kontak die kerkkantoor daarvoor.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

RCA Kaapstad / Living Waters gemeente

In die 1960’s is die gemeente Sunthosham as werkkring in Kaapstad gevestig binne die Rylands woongebied. Tans fokus dié gemeente as Living Waters hulle energie veral in die Cravenby woongebied met die aangee van die Christus evangelie aan ons Moslem en Hindoe naastes deur middel van vriendskapsevangelisasie, gemeenskapsbetrokkenheid en diens. Dit is ’n baie moeilike arbeidsveld en vrug op die bediening is skaars. Maar, heel onlangs is 'n moeder en vader uit die Hindoeïsme bekeer, gekatkiseer en met groot blydskap saam met twee klein kindertjies gedoop. Die gemeente is klein en maak vir hulle bediening in die Skiereiland besonder staat op die aktiewe meelewing, voorbidding en finansiële ondersteuning uit ons NG Familiekring.

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

HUIS DE KUILEN LENTEMARK

Huis De Kuilen hou ‘n Lentemark op Saterdag 2 Oktober 2021 wat hoofsaaklik fokus op heerlike eetgoed.

Ons gemeente neem verantwoordelikheid vir die **Worsrolletjie** tafel.

Lidmate wat graag ‘n finansiële bydrae wil lewer vir die aankoop van die nodige voorraad, kan dit by ons kerkkantoor inbetaal of elektroniese oorplaas na ons gewone bankrekening, maar met die verwysing **Huis de Kuilen.**

Ons nooi ook lidmate uit om hulle te ondersteun die dag van die Lentemark. Dit vind plaas by die Tehuis en duur van 9:00 tot 11:00.

KEN-JOU-KERK-EN-WEN 2021

September 2021 het aangebreek en so ook Blokke B en D se fondsinsameling vir ons gemeente. In Junie is daar vetkoeke verkoop, in Augustus `n boks vol groente en nou gaan blokke B en D sorg dat daar vleis in jou yskas/vrieskas is.

Al wat jy hier in die beginmaand van die Lente-seisoen moet doen is om jou algemene kennis van ons leraars en gemeente te toets teen `n klein inskrywingsfooi van R100. Jy kom dan in aanmerking om met een van die volgende pryse weg te stap.

`n Heel lam, halwe vark (twee pryse), 3kg pak boerewors (7 pryse) of `n heel hoender

Die inskrywingsvorms is beskikbaar by die blokleiers/wykleiers/dienswerkers of by die kerkkantoor sowel as op die webwerf www.ngkeike.co.za.

Daar is geen beperking op aantal inskrywings per individu nie en lidmate kan ook hul familie en vriende buite ons gemeente nader om in te skryf.

Sluitingsdatum is 4 Oktober 2021.

Pryswenners sal so gou moontlik na 4 Oktober 2021 bekend gemaak word.

(onthou pryse moet by die kerkkantoor afgehaal kan word)

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ons jaarlikse Tiendemaand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag, 31 Oktober.

Die koeverte word tans versprei. Kontak jou blokleier of kerkkantoor indien jy nie ’n koevert ontvang nie.

Jy kan benewens ’n bydrae per koevert, jou bydrae ook op ander maniere gee – daar sal ’n briefie met volledige besonderhede in jou koevert wees.

EHW SMIT-BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, behoeftige studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.

Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2021.

SKOOLVERLATERS

Die Kommissie vir Vrouelidmate wil graag vanjaar weer tydens die erediens van 17 Oktober 2021 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die kerkkantoor sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

- Reneé Bleeker
- Tia Welman
- Carlize van Zyl
- Mila van der Merwe
- Gerhard van Zyl
- Björn Deutschmann
- Cian Myburgh

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Advertensie in wynveiling katalogus

Lidmate het die geleentheid om hul besighede te bemark in die wynveiling katalogus.

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor.

2020 VERTALING BYBELS

Die nuwe 2020 vertaling Bybels wat verlede jaar bekend gestel is, is nou ook in GROOTDRUK beskikbaar. Die pryse van die beskikbare Bybels is soos volg:

Kleinletteruitgawes – hardeband omslag – R129
luukse bruin verwerkte leeromslag – R329

Grootdrukuitgawes – hardeband omslag – R349
luukse bruin verwerkte leeromslag – R499

Bestellings kan by die kerkkantoor geplaas word teen 30 September 2021.

PREEKSKETS

TEMA - DIE ROL VAN GEBED IN DIE GEMEENTE.

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Jakobus 5:13 - 20

Inleiding: Hoe sal jy gebed in ‘n skets voorstel?

Jakobus noem lidmate in verskillende omstandighede en sê hoe ons vir elke groep moet bid.

1. Mense kry op verskillende maniere swaar.
   - As jy swaarkry, moet jy met die Here daaroor praat.
   - Ons moet ook vir dié wat swaarkry, bid.
2. Jakobus sê: “as iemand opgeruimd is, moet hy lofliedere sing”.
   - Ons vergeet dikwels van die Here as ons gelukkig is of as dit voorspoedig gaan.
   - Jakobus herinner ons om vir die Here die eer te gee as dit met ons goedgaan.
3. Hoe moet ons optree as iemand in die gemeente siek is?
   - Olie is in daardie tyd as ‘n geneesmiddel gebruik. Olie het egter ook die konnotasie gehad van die seën en die werking van die Here.
   - Jakobus sê in werklikheid: gebruik die geneesmiddel en vertrou die Here vir genesing.
   - Hierdie woorde beteken vandag: Bid vir die sieke, vertrou die Here vir genesing en neem medikasie. Bid dat die Here jou sal beskerm teen die Covid 19 virus, plus neem die inenting! Dié twee staan nie teenoor mekaar nie.
4. “Bely julle sonde eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar sodat julle gesond kan word.”
   - Jakobus verwys na die gemeente wat “siek” is vanweë die onderlinge onmin en spanning.
   - ‘n Geloofsgemeenskap moet teenoor mekaar bely wat hulle aan mekaar gedoen het, mekaar vergewe, sodat hulle kan “gesond word”.
5. Wat moet ons doen as ‘n lidmaat sy/haar rug op die gemeente draai?
   - Ons kan nie ons hande in onskuld was nie, so iemand “moet teruggebring word.”
   - Ons kan vir so iemand bid sowel as daadwerklik uitreik na hom/haar.